Die Tweede Koms Van Die Here

Ons Hemelse Vader, soos ons na U toe kom vanaand, in daardie lieflike Naam van die Here Jesus, is ons so bly soos ons hierdie heilige dae nader, in die wete dat hierdie die grootste tyd op aarde verteenwoordig. Dis toe daardie algenoegsame Offer gemaak is, dat arme verlore sondaars vrygemaak kan word en hierdie groot hoop kan hê wat ons in ons bors het vanaand, dat Hy eendag weer sal kom. En vanaand, deur na hierdie preekstoel toe te kom, deur die deur te kom, en hierdie ou lied te hoor: "Ons sal 'n groot tuiskoms-week hê, die eerste tienduisend jaar," bring herinneringe terug van baie jare gelede toe ons hier bymekaargekom het by die tabernakel voor die groot wêreldwye herlewing begin het. En, Vader God, ons koester net daardie gedagtes.

2 En skynbaar goed in ons siel dat ons weer terugkeer vanaand om nog een van daardie outydse herlewings te begin waar sondaars uitroep om genade, en waar die afvallige weer dinge regmaak met God. En die Heilige Gees is die belangrike Persoon in die diens, Wat 'n houvas kry en regeer, en vir ons die Brood van die Lewe bring deur die Woord. En ons bid dat Hy ons sal bedien aand na aand in hierdie herlewing, die siekes en die behoeftiges genees, elke gelowige reinig, en eer sal ontvang uit hierdie pogings wat ons aanwend. Want, Vader God, dis net tot die eer en verheerliking van Sy Naam wat ons dit vra. Amen.

3 Hierdie is om 'n belofte na te kom wat ek elf jaar gelede gemaak het. 'n Lang tyd geneem om daarby uit te kom, maar om terug te keer na die tabernakel vir 'n herlewing. En nou, ons weet dat ons tabernakeltjie ontoereikende spasie het vir 'n herlewing, maar ons sal net hier indruk, en so goed as wat ons kan, vir die volgende paar aande, tot die eer van God.

4 En ek hou daarvan om 'n diens in die kerk te hê. Baie plekke, het ons hulle in stadions, en buite in die opelug, en in die arenas, maar daar's iets anders as jy dit in die kerk hou. Dit is blykbaar dat daar 'n soeter, nader gemeenskap is as jy in die kerk is. Buite in daardie arenas, wêreldse plekke, ons is dankbaar vir die voorreg om daarbuite te wees, maar dit is asof jy skynbaar 'n verdrukking ondervind, soos 'n duiwelse mag, waardeur jy moet breek voor die herlewing nog begin. En dan, as jy in die kerk inkom, is dit 'n plek waar God woon, is dit om na Sy huis toe te kom om 'n diens te hou.

5 En nou is ons bly vanaand om baie van die ou gesigte te sien wat ek jare gelede gesien het toe ek my bediening hier by

die tabernakel beëindig het. Sien Broer Graham hier, en Broer Curtis, en Suster Angie, en Suster Gertie hier, en Broer Cox en Suster Cox, en, o, goeiste, soveel van julle, Suster Spencer en Broer Spencer, en almal van julle hierbinne. Ons is so bly. Mamma, en Mev. Slaughter, en broer hier oorkant, net groot groepe van julle, nog. Hoeveel is hierbinne vanaf die tyd toe ons destyds begin het, ek bedoel toe ek vertrek in op die herlewing om uit te gaan? Laat ons bietjie julle hande sien. Oraloor die kerk vanaand, kyk net die hande. Dis baie goed.

6 Nou is ons . . . weet dat herlewings net deur die Heilige Gees kom. Hy is die Een Wat herlewing bring. En ons kan dit nie self doen nie, ons kan net daardie poging aanwend; en God moet daardie poging seën, en ons vertrou dat Hy sal.

7 Ek het my vrou vertel oppad hiernatoe . . . Ek het nog nie eers die kans gekry om aandete te eet vanaand nie. Dis baie besig. Dit was twee-uur gistermiddag voor ek my hemp aangekry het, van die tyd dat ek gisteroggend opgestaan het. Dis wat die telefoondeel. En dis net presies om twee-uur toe ek 'n noodgeval van Dr. Sam Adair in Louisville gehad het. En toe . . . En toe soveel ander oproepe, en die veterane. Verskillendes van die hospitaal, het gesê: "Wel, ons het keer op keer gewag, en as die hel enigsins erger is as ons daar kom teenoor watter lyding hierdie was, om te wag." En net 'n kreet en 'n uitroep van oral af, honderde predikers.

8 En ek sê julle, ons lewe in een van die grootste dae wat hierdie wêreld ooit geken het, een van die grootste tye. En ek is so bly om 'n honger in die mense se harte te sien vir meer van God.

9 Nou het ek op my hart geneem, en bid dat dit in die wil van God sal wees. En, terloops, daar is party mense wat staan daaragter. Ek wonder . . . Ons het 'n—'n sitplek hier, 'n bankie, ek wonder of ons op 'n manier daardie bankie kan gebruik. Party van die dames . . . of iets, wat daaragter staan, dat ons miskien kan . . . Hier, wonder of party van hulle of iets, net kan naderstap en op die bank kan sit hierbo, hierbo aan die voorkant. Miskien . . . Broer Ben, ons is bly om jou hier te sien, die laaste keer wat ek jou gesien het, was ek in San Fernando Vallei, Kalifornië, 'n paar weke terug. En hier is plekke hierbo as julle wil opkom, julle—julle mense daaragter wat staan. En as julle nou wil opkom, wel, kom maar net op. Hier's 'n ekstra sitplek op die platvorm hier, en 'n paar ekstra plekke hier, en hulle sal ingeneem word op die altaar. Ons wil hê julle moet net so gemaklik wees as wat julle kan wees.

10 En ek het vir my vrou gesê dat ek myself belowe het dat met die hulp van God, ek nie beplan om die dienste lank te hou nie, wil dertig minute preek, as die Here wil. En dit sal op sigself 'n wonderwerk wees, want ek—ek kan net nie te vinnig begin nie. En, maar ek—ek moet net probeer, en as gevolg van . . . En dan die komende tyd, wat ons, hierdie, môre-aand . . .

Vanaand, is my onderwerp: *Die Tweede Koms Van Die Here*.

11 En môre-aand is nagmaalaand, en ek wil preek oor *Nagmaal* vanuit die Ou Testamentiese standpunt. En ons is . . . Môre-aand is die amptelike nagmaalaand, want dit is die aand wat ons Here verraai is. En dis die amptelike nagmaalaand. En na die dienste môre-aand, die gewone preekdiens, dan sal ons nagmaal hou. En almal word uitgenooi om saam met ons te kom en—en deel te neem aan hierdie wonderlike artikel wat vir ons nagelaat is deur ons Here Jesus.

12 En dan, die volgende aand, as die Here wil, omdat dit die aand van die kruisiging is, wil—wil ek graag neem, miskien vanaf 'n ander uitgangspunt van wat julle op die radio hoor, *Die Kruisiging*.

En dan op Saterdagaand, *Die Begrafnis*.

13 Sondagoggend om sesuur, 'n sonsopkomsdiens. Om tienuur, 'n doopdiens, en as daar diegene is om gedoop te word. En dan 'n Paasoggendboodskap.

14 En Sondagaand, as die Here wil, verwag ons 'n kort boodskap oor *Die Bewys Van Die Opstanding*, en 'n genesingsdiens. Die gewone genesingsdienste soos wat ons in die dienste het buite in die—die gewone dienste, hierdie komende Sondagaand. En as julle dit nog nooit gesien het nie, en julle vriende nog nooit die sigbare bewys van die verrese Jesus gesien het nie, hoop ek dat Hy sal maak soos Hy die afgelope jare in die dienste gemaak het, net hier sal verskyn en dieselfde dinge doen wat Hy gedoen het toe Hy hier op aarde was. En ons sien uit na daardie tyd, die koms . . . wat kom.

15 Dis reg, beweeg net vorentoe en maak julleself net so gemaklik as moontlik. En ek wonder of ons miskien môre-aand 'n paar stoele êrens kan kry. Miskien onder by die—die begrafnisondernemer of iewers waar ons 'n paar ekstra kan kry, om miskien langs die kante te sit. Ons wil almal so gemaklik as moontlik laat wees.

16 Hoeveel het die Here lief met alles wat in julle is? Nou laat ons net ons liefde rig op Christus en net kyk nou. Ons is nie hier vir doktrines nie, ons is hier om die Here te aanbid. En ons is net hier om almal van elke geloofsoortuiging, kleur, soort uit te nooi, dit maak net nie saak hier nie, ons kom net in om die Here te aanbid, en daar sal 'n halfuur van outydse sang wees en—en voor die dienste begin. En, nou, môre-aand gaan ek probeer begin net soos vanaand, presies, indien moontlik, om agtuur, en net so vinnig uitlaat as wat ons kan, sodat ons die volgende aand kan terugkom.

17 En, nou, almal is welkom. En, ons besoekers, julle is meer as welkom om in te kom om gemeenskap te hou en sodra die diens verby is, julle mense van die kerk hier wat hiernatoe kom, sien dat julle elkeen se hand skud wat julle moontlik kan. Wees net . . .

Laat sak nou net die skanse, en hê net 'n wonderlike tyd. En julle weet nie wat ons Here kan doen nie, hierdie is Paastyd en ons verwag net groot dinge.

18 Nou, in die geseënde Woord, wil ek net 'n—'n vers lees, of 'n reëltjie of twee, uit Lukas se Evangelie, en die 15de hoofstuk, die 8ste vers:

> *Of watter vrou wat tien pennings het, as sy een penning* sal *verloor,* sal *nie 'n lamp opsteek, en vee die huis uit, en soek sorgvuldig* totdat *sy dit* gekry het *nie?*
>
> *En as sy dit gekry* het, *roep sy haar vriendinne en haar buurvroue bymekaar, en sê, Wees saam met my bly; want ek het die penning gekry wat ek verloor het.*

19 Nou, dit mag na 'n baie vreemde Skrif lyk vir die Tweede Koms van Christus, en . . . maar dit praat van die Tweede Koms van Christus. En hierdie groot onderwerp wat ons nou hier voor ons het, is een van die mees kritieke onderwerpe van die hele Heilige Skrif. Daar is niks so belangrik soos die Koms van die Here Jesus nie. Want as Hy nie kom nie, is ons as valse getuies bevind, het ons dooies in die graf vergaan, en is daar geen hoop vir ons oor, as Jesus nie, sigbaar, die tweede keer kom nie. En in die einste . . . hierdie lig, in die einste Lig van die Tweede Koms, was so belangrik, dat hierdie heilige week wat ons nou nader, dat Jesus, toe Hy dit die eerste keer genader het in die einste skaduwees van die Kruis, Hy baie min gepraat het van Sy dood, begrafnis, en opstanding. Hy het meer van Sy Tweede Koms gepraat as wat Hy het van Sy dood, begrafnis, en opstanding. So in die lig hiervan, moet dit 'n baie belangrike onderwerp wees.

20 In die Ou Testament, is daar baie meer maal Skrifte in die Ou Testament wat betrekking het op die Tweede Koms van Christus as wat daar was van die eerste Koms van Christus. Alles van die menslike ras, rus nou, nadat die versoening gemaak is, plegtig op die Tweede Koms van die Here.

21 Nou, ons het verskillende godsdienste, en ons het verskillende motiewe en verskillende teologieë, maar ons Christengodsdiens is plegtig gebaseer op dood, begrafnis, en opstanding, en die Tweede Koms van die Here. O, dis 'n belangrike vraagstuk. En terwyl ons nou benader, volgens my opregte gedagtes, lewe ons in die einste skadu's van Sy Tweede Koms. Daar, volgens my manier om dit te sien in die lig van die Skrif, is daar nie een hoop oor vir die Kerk buiten die Tweede Koms van die Here nie. Die wêreld is in sy wilde pandemoniese toestand, het heeltemal buite beheer geraak, van elke mensgemaakte organisasie in die wêreld. Konings kan nie meer hulle onderdane beheer nie, en diktators kan ook nie meer hulle onderdane beheer nie, demokrasie kan nie meer hulle onderdane beheer nie, en daar is geen hoop oor behalwe die Tweede Koms van die Here Jesus nie.

22 En dis nou een van die verskriklikste tye vir die ongelowige en sondaar, wat hy ooit gesien het, want die verdoemingstyd is op hande. En dis die geseëndste tyd vir die gelowige, want sy verlossing is op hande. Daar's twee faksies op die aarde vanaand, die gelowige en ongelowige. Die een wat die Here kom om te ontvang, en die een wat die Here kom om te veroordeel. Sal by Sy Koms, een seën en sal die ander vervloek, by Sy verskyning.

23 En siende dat hierdie so 'n kritieke ding is, dink ek net voor. . . op die vooraand, liewer, van ons herlewinkie, dat ons ernstig moet kyk, en in die Skrif, en kyk hoe naby ons is. As ek wou kyk hoe laat dit is, sou ek op my horlosie kyk. As ek wou weet watter dag van die week ons in gelewe het, of die maand van die jaar, sou ek na die kalender kyk. En as ek die naderende tyd van hierdie groot gebeurtenis wou weet, sou ek na die Woord van God kyk, Dit sê die tyd wanneer dit op hande is. Want die Bybel het gesê: "Wanneer hierdie dinge begin gebeur, hef julle hoofde op, julle verlossing is naby." Die tyd is op hande.

24 Dit was so 'n groot ding vir Johannes, die openbaarder, op die Eiland van Patmos, dat toe hy die voorskou gesien het van die Koms van die Here. Toe hy die vloeke gesien het, wat gerus het op die ongelowige, en die seëninge wat gerus het op die gelowige, het hy uitgeroep: "Ja, kom, Here Jesus!" Dit het sy hart so verbly na alles wat hy gesien het, die gebeure voor Sy Koms, dat hy uitgeroep het: "Ja, kom, Here Jesus!" En toe die hele kerktydperk voor hom afgespeel het, en hy al die hooftrekke gesien het, hoe dit sou gebeur, toe het hy geskree: "Kom, Here Jesus!" Dit moet 'n wonderlike ding wees dat die Koms van die Here naby kom.

25 Jesus, toe Sy dissipels 'n punt bereik het waar hulle na die vleeslike of die natuurlike dinge van die aarde gekyk het. Nou, hier wil ons net 'n paar minute stop. Dit hoef nie altyd vleeslikheid te wees wat ons verwyder nie, partymaal sal net die natuurlike dinge ons verwyder. Jesus se diensknegte, of Sy dissipels, het vir Hom die stadstempel gewys, Jerusalem, die groot tempel waar God in Sy Shekinah Heerlikheid verskyn het in die Allerheiligste. En toe hulle vir Hom vertel het hoe goed die klippe ingepas was, hoe die groot meesterbrein van God verordineer het dat hierdie klippe gekap is op baie verskillende plekke in die wêreld, en bymekaargekom het. En in veertig jaar van sy oprigting, daar nie die geluid van 'n saag of die geluid van 'n hamer was nie. Dit was so meesterlik aanmekaargesit. En hoedat God ingekom het bo die Gérubs en dit Sy Shekinah Heerlikheid getoon het, en hoe hulle groot hoop gehad het in hierdie groot kerk.

26 En Jesus het vir hulle gesê: "Moenie na al hierdie dinge kyk nie." Tog was dit 'n heilige plek, dit was 'n goeie plek. Dit was 'n plek, huis van die woonplek van die Here. Maar Jesus het gesê: "Moenie na hierdie dinge kyk nie. Ek het iets om julle te vertel

wat baie groter is as hierdie. Want die tyd kom," het Hy gesê: "dat daar nie een klip op 'n ander gelaat sal word nie."

27 Maak nie saak hoe goed ons vir ons natuurlike wese probeer sorg nie, maak nie saak hoe hard ons werk vir ons organisasie, hoe hard ons in die kerk werk vir ons—ons ordes van die kerk nie, daar kom 'n tyd wat al daardie dinge sal verdwyn en vergaan.

Jesus het hulle dit begin vertel, en hulle het gesê: "Wat sal die teken van die koms van die einde van die wêreld wees?"

28 En Jesus het met hulle begin praat: "Die tyd sal aanbreek waar daar nie klip op mekaar gelaat sal word nie. Julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë, pessiektes, aardbewings in verskillende plekke."

29 En nou die dag, oorkant in Kalifornië, bo in Oakland, toe dit ons voorreg was om daar te wees in 'n diens, en dit was die eerste keer wat my vrou ooit in 'n aardbewing was. Ek het in die haarkappers gesit, en ek . . . die kamer het net 'n bietjie geskud. En die radio het gou aangekondig: "'n Aardbewing was aan die gang." Gesê: "Hulle verwag nog een binne agt minute."

En ek het gedink: "O, wat as hierdie die laaste een is!"

30 Ek het haastig vertrek uit die haarkappers, my vrou ontmoet wat in die straat gewag het, in 'n aptekie ingeloop om 'n paar poskaartjies te kry om na ons geliefdes toe terug te stuur. En terwyl ons daar was, het een van die geheimsinnigste, snaakse gevoelens wat 'n mens ooit kan voel, die hele aarde het begin skud. Die bottels het van die rakke afgeval, die skoorstene het van die geboue begin afval, en in die straat, oorvol, die mense wat skree en huil, terwyl die pleister van die mure afval. En die groot geboue van dertig en veertig verdiepings, het teen mekaar geskud tot die rook of stof van die sement opgestyg het soos groot sampioene. En mense het begin skree en hardloop. Ek het gesê: "Dis die vinger van God Almagtig, wat sê: 'Die handskrif is aan die muur.'"

31 Jesus het gesê: "Wanneer julle hoor van aardbewings op verskillende plekke." Die aarde het oopgebars langs die hoofweg vir 'n ver ent, omtrent vyf voet, en honderde voet afgegaan in die aarde. Een plek, het die hele hoofweg ingeval. En ek het gedink soos dit oopgebars het, dat ek net omtrent die vinger van God Almagtig kon sien, wat sê: "En daar sal aardbewings op verskillende plekke wees."

32 Terwyl die dag aangegaan het, het agt verskillende aardbewings daardie stad geskud. En biersale het oopgebly, en dronkaards het in die strate ingeswerm. En vroue het halfgeklee in die strate rondgeloop, en alles asof niks ooit gebeur het nie. Mense is so aardsgebonde vandag, dat ek nie weet wát dit sal verg om hierdie land te skud nie. Hulle is blykbaar net so onbesorg. Hulle let nie op nie. En een man het selfs 'n opmerking gemaak, soos ek hom met my eie oog gehoor het, het gesê: "Het

jy gesien wat ek gedoen het? Ek het my vuis geskud. Ek is die superman."

En ek het gedink: "Sulke godslastering!"

33 Ek het nooit soveel daaraan as godslasterlik gedink as wat ek het net hier in ons eie stad nie, terwyl ek buite op die hoofweg gery het gisteraand na Georgetown, soos jy die seksies kruis hierbuite net voor jy op die nuwe hoofweg uitkom hier. Daar was 'n groot bord wat daarbo gestaan het, en dit het gesê: "Hy het opgestaan, het Lewe." En net die volgende bord, net dié twee, het gesê: "Waar daar Budweiser bier is, is daar lewe."

34 Ek het gedink: "Sulke godslastering!" Dis al wat dit is. En die Bybel het gesê: "Voor die Tweede Koms van Christus, dat die mense godslasteraars sou wees, sou wandel volgens hulle eie goddelose begeerlikhede, verraaiers en kwaadsprekers." Hoe die wêreld in so 'n dwaling beland het!

35 In Bombaai, Indië onlangs, toe ek en Billy (my seun) daar was in 'n groot byeenkoms waar tiene van duisende Hindoes hulle lewe vir Christus gegee het, het daar 'n groot waarskuwing gekom. En ek wil hê julle moet die intelligensie van die natuur dophou. En, meteens, vir een of ander onbekende rede, het al die voëltjies in die stad begin weggaan na die platteland. En voëls het, in swerms, na die platteland toe gegaan. En hulle het al die beeste, en die skape en die os opgelet. Maar in Indië, is hulle heinings nie soos ons heinings nie, hulle is nie houtheinings nie, hulle is groot, hoë geboude klipmure. En al die beeste het begin wegbeweeg van die mure af en wegbeweeg van die geboue af, en ver in die middel van die veld ingegaan en begin rondmaal buite in die middel van die veld. Toe, meteens, het 'n groot aardbewing getref en die mure, bome, rotse platgeskud, missiele het getrek. En die voëls het nooit teruggekeer nie, en die beeste het buite in die veld gebly, en die mense het reguit voortgegaan en gedink dit was alles in die haak. En die volgende dag, het nog 'n aardbewing geskud, en nog geboue het omgeval en die missiele het getrek. En op die derde dag, het die beeste teruggegaan na die mure en het die voëls teruggekeer na die stad toe.

36 O, Hy Wat die mossie voed, Hy wat Sy skepseltjies in die ark ingebring het, lewe en regeer nog. En hulle het skynbaar meer intelligensie van God as wat die mens het, wat Hy na Sy beeld geskape het; wanneer, die mens godslasterlik is. Die skepseltjies van die aarde, God voorsien vir hulle en hulle het gee pad van die groot mure af. Hulle sou doodgegaan het, die voëls sou vergruis word in die skeure van die rotse soos dit heen-en-weer geskud het.

37 Tekens van Sy Koms! O, dis 'n groot dag waarin ons nou lewe. Aardbewings op verskillende plekke, pessiektes, al daardie dinge waarvan Jesus gepraat het, is hier. Volgens wat ek kan sien, sien ek nie enigiets oor, behalwe die Koms van die Here nie. Dis op hande.

38 Jesus in die . . . ook in Sy toespraak aan Sy mense, het Hy gesê: "Leer 'n gelykenis van die vyeboom. Wanneer dit sag is en begin blare voortbring, sê julle dat die somer naby is. En wanneer julle hierdie dinge begin sien gebeur, weet dat die tyd op hande is."

39 Let op wat die vyeboom was. Die vyeboom was nog altyd die Joodse volk. Hy het nie net gesê "die vyeboom" nie, maar "die ander bome." "Wanneer julle die vyeboom en al die ander bome sien bot." Nou, Hy het nie net van die vyeboom gepraat nie, maar die *ander* bome.

40 Nou, kom ons let net op wanneer dit begin bot. Ons het in 'n baie vreemde tyd gelewe in die laaste paar jaar. Die Heidense kerk het een van die grootste herlewings gehad wat dit ooit gehad het vandat daar . . . vanaf die dae van die apostels; o, en die Heidense kerk het nie toe die herlewing gehad nie, dit was die Joodse kerk wat die herlewing gehad het. Maar die Heidense kerk, in die laaste tien of twaalf jaar, het die grootste herlewing van die geskiedenis gehad.

41 Ons dink aan die Martin Lutherse herlewing, ja, meneer, dit was 'n groot, maar dit was net in Duitsland. Ons dink aan die Wesleyaanse herlewing, dit was in Engeland, dit hét hiernatoe versprei, en na 'n paar van die Britse Eilande, maar het nooit te veel effek gehad nie. Maar in hierdie dag, het hierdie herlewing wat aan is, van die Bonatuurlike, absoluut oordek van see tot eindelose see, regoor die wêreld, deur groot radio en tydskrif en evangeliste wat uitgegaan het, ongeborg deur die mensdom, en 'n herlewing veroorsaak wat tiene van duisende maal duisende (van siele) gebore is in die Koninkryk van God.

42 In my eie klein brose bedieninkie, wat die Here vir my gegee het, het ek ver oor 'n miljoen siele na die Koninkryk van God toe sien kom. Dink daaraan! Wanneer ander met hierdie groot bedienings, wat uitreik oor die radio, ensovoorts, na die miljoene. Daar's herlewingsvure wat omtrent op elke heuwel van die wêreld gebrand het, vandat ek . . . van omtrent tien jaar gelede af, vandat ek . . . ons begin het met die herlewing. Ons is aan die endtyd.

43 Let nou op, toe, net voor dit, het Hy hier geprofeteer, en gesê: "Die mure van Jerusalem sal deur die Heidene vertrap word tot die Heidense bedeling verby is." Die Mohammedane het dit oorgeneem. Ons besef dit. En ek wil hê julle moet na die krisis kyk vanaand, hoe Ismael en Isak steeds teen mekaar baklei, reg by Jerusalem waar dit voorspel is dit sou wees. En 'n paar jaar gelede was daar skaars enige Jode in Jerusalem.

44 Nou, Jesus wat gepraat het: "Wanneer julle die vyeboom sien bot." Nou, die Jode was versprei deur die hele wêreld, groot getalle, miljoene in Duitsland, en in Italië, en in die Verenigde State, en regoor die wêreld. En God, soos wat Hy in die vroeë dae gedoen het, het Farao se hart verhard, Hy het Mussolini se hart verhard met die Jode, en die Jode is verban uit Italië uit. Hy

het Hitler se hart verhard, en hulle is verban uit Duitsland uit. Hy het Stalin se hart verhard, en hulle is verban uit Rusland uit.

45 En het julle die koerant opgelet, dat ons, die Verenigde State, die Arabiere se kant kies? O, broer, die handskrif is aan die muur! God het gesê: "Wie ook al Israel seën, sal geseënd wees, wie Israel vervloek, sal vervloek wees."

46 Nou, ek het 'n film by die huis, of ek dink dis uitgeleen op die oomblik, wat deur die wetenskaplikes genoem is, *Drie Minute Voor Middernag*. As die wetenskaplike wêreld gesê het "die horlosie het omgegaan tot dit drie minute voor middernag is," en ek dink hulle het dit nou verkort na omtrent een minuut voor middernag, toe hulle waterstof of suurstof, atoom ontdek het, en al daardie groot kragte wat hulle kon gebruik, heeltemal 'n totale vernietiging kon veroorsaak binne die bestek van vyf minute. Hulle kon, absoluut vanaand, nie een lewendige persoon oor wees op die Noord-Amerikaanse kontinent binne dertig minute nie. En dis reg in die hande van 'n klomp ongelowiges wat ons haat. En, behalwe dit, het ons vlotte en skepe gereed, oral rondom geplaas, aan beide . . . deur Siberië, oorkant in Hongarye, en verskillende plekke, waar ons skepe gelaai is met dieselfde soort missiele.

47 Broers, dis later as wat julle dink! Sodom en Gomorra het min geweet, daardie nag, dat hulle hulle laaste uur uitgeleef het. Egipte het min geweet dat die doodsengel, wat voorspel is om te kom, daardie nag sou kom. Min het Pearl Harbor besef van daardie aanval wat plaasgevind het. Ons is in die weegskaal geweeg en te lig bevind! Ons is naby die endtyd!

48 Wat sou gebeur as . . . ? Hulle, reg in Moskou, daardie missiele kan rig, deur die sterre en radar gelei; daardie bom presies op Vierdestraat in Louisville kan laat land as hulle wou. Dis reg. En ons kan daarbuite iewers in die see staan, op ons skepe, en een reguit op die hoofstad van Moskou rig as ons wil. Wat sou gebeur, my broer, as daardie groot missiel wat draai, sou plaasvind en hierdie land 'n skudding sou ontvang, en ons, op die dieselfde uur, dieselfde goed sou loslaat en dit aan die ander kant sou skud? En ons lewe, alreeds, op 'n baie klein, dun korsie, aangesien die aardbewings omgevreet en omgevreet het, totdat dit soos 'n uitgeholde eier is. As sy een groot slag sou maak en hierdie agt-myl dik lawa sou in die lug opspuit, sou dit presies doen wat God gesê het sou gebeur.

49 Ons is aan die endtyd, ons is hier. Geen manier om dit te stop nie. Al die gesmeek . . . Ons kan 'n Eisenhower in elke land sit, en dit sal dit nooit stop nie. Jesus Christus het gesê hierdie tye sou kom, ons is hier. Die vyeboom bot.

50 In hierdie film, ver onder in Iran, julle het in die *Look* tydskrif gelees, hoe hulle groot vliegtuie geneem het en soontoe gegaan het en vliegtuigvragte van hierdie Jode gekry het. Duisende van hulle, was daaronder sedert die ballingskap van

Babilon, was daarbinne vir vyf-en-twintighonderd jaar, en is daaronder gelos. Hulle het met ou hout-implimente geploeg. Hulle het niks daarvan geweet dat Jesus ooit op aarde was nie. Hulle het niks van enigiets geweet behalwe hulle ou Joodse tradisie, tradisies, waarvolgens hulle gelewe het nie. En toe hierdie vliegtuie geland het, en hierdie Jode begin oplaai het, om hulle terug te neem na die tuisland . . .

51 Die profeet het geprofeteer, agt-en-twintig of dertighonderd jaar gelede, en gesê: "Wanneer hulle uit daardie gevangenskap kom, sal God hulle uitbring op die vlerke van arende." Die profeet het die vliegtuig sien kom, hy het hulle sien land, en hulle oplaai en hulle terugneem na die tuisland. Hy het nie geweet wat om dit te noem nie, hy net . . . Vir hom gelyk soos 'n arend, so hy het gesê: "Hulle sal teruggebring word op die vlerke van arende."

52 En toe hulle uit die lugskip geklim het, en die jonges die oues gehelp het, is daar 'n onderhoud met hulle gevoer. En hulle het gesê: "Het julle teruggekom na die tuisland toe om te sterf?"

Hulle het gesê: "Nee. Ons het teruggekom om die Messias te sien!"

53 O, groot stoomskepe van rondom die wêreld, het in die laaste paar jaar, in Jerusalem ingestoom met bejaarde Jode, jonk en oud, geklee in hulle gewade, wat kom van die ooste, van die weste af. En oor die hoofstad van Jerusalem hang daardie ou ses-punt stêr van Dawid, die oudste vlag in die wêreld, wat vir vyf-en-twingtighonderd jaar nie gewapper het nie, is vanaand as 'n volk verklaar. Vyeboom wat begin bot.

Jerusalem groei, die Here herstel,
Die tekens deur profete voorspel;
Heidendae getel, met gruwels wat wag;
Keer terug, O verstrooides na jul eie.

Want die dag van verlossing is hier,
Menseharte gee in onder vrees;
Word gevul met God's Gees, julle lampe helder,
geknip,
Kyk op! jou verlossing is hier.

54 Dis later as wat ons dink. Ons kom nie kerk toe om 'n bank vol te maak nie, ons kom nie kerk toe om 'n goeie preek te hoor nie, of kom kerk toe om goeie musiek te hoor nie. Hulle het hulle plek, maar waarvoor ons beter kerk toe kom, is om ondersoek in te stel by God en ons siel se verlossing, want die Dag van verlossing is hier.

55 Jesus Christus, God se Seun, het hierdie (het Hy gesê) vergelyk met 'n vrou. En in ons onderwerp vanaand, vind ons hierdie vrou, haar man is weg, en sy het een van die pennings uit haar tablet verloor. Nou ek sal dit probeer verduidelik.

56 Vandag, as 'n vrou getroud is, behoort sy 'n trouring te dra, as 'n teken dat sy getroud is. Dis om te keer dat ander mans

enigiets met haar te doen het. Hulle kyk en hulle sien sy is 'n getroude vrou.

57 In daardie dae, het hulle nie trourínge gehad nie, hulle het 'n tablet gehad (hulle noem dit "tablet") wat hulle om hulle koppe sit. Dit het tien muntstukke gehad, en dit het om hulle kop gegaan. En dit was 'n teken dat hulle 'n getroude vrou was, en dat geen man met hulle moes lol nie, geen kêrels met hulle moes flankeer nie. Hulle was getroud.

58 Elkeen van hierdie muntstukke. . . As ons net tyd gehad het (maar ek het nie, ek gaan my woord so goed as moontlik hou), kon ek julle vertel het wat elkeen van daardie muntstukke beteken het. Dit was daarin geplaas, en elke muntstuk het 'n sekere deug van daardie vrou beteken. Die eerste, wat haar liefde teenoor haar man beteken het. Tweede, haar eed van maagdelikheid om rein te lewe vir hom. En die derde en vierde en vyfde, tot by die negende en tiende.

59 As julle dit wil opsoek, kyk in Galásiërs 5. Julle sal uitvind dat daardie vrou die Kerk verteenwoordig het, en die Kerk 'n getroude Vrou van Christus is. En die tablet wat die Kerk veronderstel is om te dra, word gevind in Galásiërs 5, wat liefde, vreugde, vrede, lankmoedigheid, barmhartigheid, nederigheid, sagmoedigheid, geduld is. Dit is die tablet wat veronderstel is om gedra te word in die Kerk, broederliefde, barmhartigheid, gemeenskap.

En hierdie vrou, toe dit. . . Dit moes omtrent amper donker gewees het, toe sy besef het dat sy een van daardie muntstukke verloor het.

60 O, as daar ooit 'n tyd was wat die kerk opname behoort te maak, om uit te vind of jy al die muntstukke aanhet, behoort dit nou te wees. Dit word donker. Die—die spoke en wolke van vernietigende beskawing hang oor die aarde, sonde en owerspel aan elke kant. Ons lewe in 'n verskriklike tyd, wanneer daar boosheid is, mense wat kerk toe gaan net om voor te gee, mense wat kerk toe gaan om te probeer wegkruip van hulle gemeenheid, mense wat kerk toe gaan en Christelikheid bely en lewe soos die res van die wêreld, drink, rook, dobbel; vroue wat onsedelik aangetrek is, wat klere dra wat hulle nie in die—in hulle eie kleedkamer behoort te dra nie, buite op straat, in die openbaar. En broederliefde is feitlik 'n ding van die verlede. Ons het nie net *een* muntstuk verloor nie, maar ons het feitlik *elkeen* van hulle verloor.

61 En het nag geword, en, onthou, haar man sou terugkom. En as hy haar gekry het met een van daardie muntstukke wat weg was, sou dit wys dat sy as "'n hoer" gemerk is.

62 En as sy besoedel het, of, haarself besoedel het op enige manier en dit deur die mense gesien is, het hulle haar voor die priester gebring en getuie gebring dat sy so bevind is, en as

die priester gesien het dat sy 'n getroude vrou was, sou hy die muntstuk uithaal (uit haar tablet) waarmee sy verkeerd gedoen het. As sy haar maagdelikheid verbreek het—het, het hulle dit uitgehaal. As sy geflankeer het, gewys het dat sy nie getrou was teenoor haar man nie, het hulle daardie een uitgehaal. Wat dit ook al was, hulle het dit uitgehaal. En wanneer haar man teruggekom het, het hy gevind dat sy gemerk is, en hy sou onmiddellik van haar skei en niks te doen hê met so 'n vrou nie. Hy wou nie so 'n vrou hê nie.

So dit het begin donker word toe sy besef het sy het iets verloor, tyd vir haar man om te kom, en dit word laat.

63 Die kerk beter hulleself ondersoek met die Woord van God, ons reinheid, ons getrouheid, ons toewyding. Ons het skinderbekke, storiedraers, sigaretrokers, agterbaks, gegrimeerde Isébels geword, alles in die kalender wat die res van die wêreld doen, die Christenkerk assosieer met daardie dinge vandag totdat jy skaars die een van die ander kan onderskei. Dis tyd dat ons opname neem. Dit word laat.

64 Nou, om te . . . dit was so laat dat sy 'n kers moes opsteek. En sy het 'n kers gekry. Nie net het sy 'n kers gekry nie, maar sy het 'n besem gekry en sy het begin huis skoonmaak.

65 O, broer! As daar ooit 'n tyd was vir die behoefte om 'n kers op te steek, die uitstuur van die Evangelielig, die Heilige Gees terug in die kerk . . . Nie soveel vir emosie nie, nie vir die fantastiese nie, nie vir een of ander emosionele opwerk nie, nie vir spring van vreugde nie, maar vir 'n hart-ondersoek ondervinding wanneer mans en vroue regkom met God. Reg. Ons is aan die endtyd.

66 En sy het 'n kers opgesteek, om vir haar lig te gee. En, broer, elke kersie hierbinne behoort aangesteek te wees vanaand. Nie net dit nie, maar sy het die besem gekry, en die bure kon die stof sien vlieg. Sy het 'n ware huis-skoonmaak-tyd gehad, want haar man was oppad. En as hy haar gevang het met daardie een muntstuk uit, was sy "'n hoer."

67 Broer, ons die Kerk van die lewende God, in hierdie groot ure waarin ons nou woon, behoort ons na te gaan, voor God te gaan, die kers van die Woord van die Evangelie op te steek, en onsself te ondersoek en uit te vind of ons nie te kort skiet nie, en veral wanneer ons al hierdie goed sien kom. Ons is aan die endtyd, die Koms van Christus is op hande. Daar's nie 'n ander hoop in die wêreld vir die Kerk nie.

68 En, kyk, die kerk is traag. Die kerk het geen gewete meer nie. Jy kan hulle skaars wakker maak. Die Bybel het gesê hulle sal in daardie toestand wees wanneer hulle sou sê: "'Kyk, ons Here vertraag Sy Koms.' En hulle sal verteer en mekaar byt, ensovoorts, en oral baklei." Dis net presies daardie uur. Alles is gereed. Die blaaie is omgeblaai, asof dit so was, en dis gereed, die Koms van die Here.

69 Die Lutherse kerk het haar lig verloor. Die Metodiste kerk het haar lig verloor. Die Baptiste kerk het haar lig verloor. Die Pinksterkerk het haar lig verloor. Elke lig is blykbaar weg.

70 Die Pinkstermense, die Heiligheidmense, maak presies soos die Metodis. Die Metodis maak soos die Baptis. Die Baptis maak soos die Lutheraan. Die Lutheraan maak soos die Katoliek. En dit het alles teruggegaan na een yslike groot konglomerasie van sonde. Dis reg. Ons is aan die endtyd, die Koms van die Here.

71 Nou, sy het 'n huis-skoonmaak-tyd gehad. Sy het die vloere geskrop, sy het die mure afgevee, sy het die spinnerakke afgehaal, sy het aangehou totdat sy gekry het wat sy verloor het. En, toe sy het, het sy haar suster-kerkies geroep om nou te kom.

72 Ek gee nie om of jy Metodis, Baptis, Pinkster, Presbiteraans is nie, kom, laat ons saam juig. Wanneer daardie tyd kom, wanneer die kerk sy broederliefde vind, wanneer die kerk sy heilige ordentlikheid vind, wanneer die kerk sy plek in Christus vind, sal dit die ander lidmate van die liggaam roep: "Kom en juig saam met ons." God wil hê die kerk moet Hom liefhê.

73 Ek glo dit was Sondagoggend toe ek gepraat het van die deugde van vroue, hoe geseënd, wie kan iets meer liefdevol kry as om moeg huis toe te kom, toe God 'n man 'n vrou gegee het nie. 'n Vrou en 'n man is onafskeidbaar, hulle is een. In die skepping, het God hulle eers saam geskape, en hulle is een hart, siel, verstand, en alles. Toe Hy die mens uit die stof van die aarde gemaak het, het Hy hom geskei van sy vrou. Toe Hy Eva gemaak het, het Hy nie 'n—'n vrou gaan maak, *nog* 'n bietjie stof opgetel nie, maar Hy het uit Adam se sy 'n rib geneem en sy vrou gemaak. Hy het gesê: "Sy is been van my been, vlees van my vlees." Hulle was een in hart, siel, en liggaam.

74 Dis 'n tipe van Christus. God het nie Christus se Kerk uit 'n geloofsbelydenis geneem nie, Hy het Dit ook nie uit 'n denominasie geneem nie. Hy het Dit uit die hart van Christus uitgeneem, die spies in Sy sy, deur die Bloed.

75 My broer, suster, ek gee nie om hoe godsdienstig jy mag wees nie, as jy nie bedek is deur die Bloed nie, is jy verlore. Ons sal daarop ingaan, oormôre-aand, wys hoe kritiek dit is. Maar jy's verlore sonder die Bloed.

Nou toe, toe Hy daardie vrou gemaak het, was sy 'n metgesel. Dit was iets vir hom om lief te hê, dit was deel van hom.

76 Nou luister goed. 'n Man of 'n vrou kan nooit Hemel toe gaan as hulle nie wedergebore is nie. Ek bedoel nie omdat jy in tale gepraat het nie, ek bedoel nie omdat jy uitgeroep het nie, ek bedoel nie omdat jy gedans het nie, ek bedoel nie omdat jy kerk toe gegaan het en getrou was, knope gedra het vir jou getrouheid nie; daardie dinge is alles goed, maar dis nie Dit nie. Daar moet absoluut 'n verenigingsverbinding tussen jou en Christus wees, totdat julle een word. Julle is een! En as jy nie is nie, hoe . . . ?

77 Kon jy jou voorstel om in die aand moeg, vermoeid, uitgeput, in te kom? Of jy 'n boer, werktuigkundige, prediker, wat jy ook al is, inkom, wanneer jy in jou huisie ingaan, jy verlang tot jy daar kom. Jy maak die deur oop en 'n liefdevolle vroutjie staan daar, sy groet jou. Sy's mooigemaak en skoon. Sy stap oor en soen jou op die wang, sy het gesê: "Pa, jy's moeg." Sy laat jou in 'n stoel sit, sy gaan sit op jou skoot, sy sit haar arms om jou en sy streel jou. Dan lyk dit net vir jou jy's nie meer moeg nie, iets tel jou op. Dis iets wat God vir jou gegee het vir daardie doel. Dis 'n deel van jou, nou, as sy 'n getroue vrou is.

78 Maar wat as daardie lippe 'n ander man gesoen het daardie dag of op 'n ander tyd? Wat as jy bewus is daarvan? Wat as daardie arms 'n ander man omhels het? Sy is absoluut 'n gruwel op jou skoot. Daardie soen brand soos 'n Judaskus. Daardie arms, jy wens hulle moet liewer nie om jou wees nie. O, sy mag baie mooigemaak wees, haar hare mag krullerig wees, haar oë mag bruin wees, haar wange mag rosig wees, haar rompie mag gestryk wees, sy mag so mooi wees, maar as daardie regte egte goddelike respek en liefde en vertroue nie daar is nie, sou sy maar liewer van jou skoot moet afbly. Jy wil niks met haar te doen hê nie, sy's 'n—sy's 'n skande vir jou. Ek gee nie om hoe mooi sy haarself maak nie, sy is steeds verkeerd totdat sy bewys is as 'n regte, egte liefling, wat niemand anders as jy liefhet nie, geen ander soen van haar lippe behalwe joune nie, geen ander arms moet haar vashou behalwe joune nie, en jy weet dit. Wat 'n gevoel, wat 'n troos!

79 Dit is man en vrou, wat 'n tipe van Christus en Sy Kerk is. En wanneer jy na jou kerk toe gaan, mag jy die beste banke in die stad hê, jy mag die hoogste toring hê wat daar in die stad is, jy mag die beste pyporrel hê, jy mag die beste aantrek, jy mag sing soos 'n spotvoël, maar dit alles, as jy soen en flankeer met die wêreld, is daardie soen, op die wange van Christus, 'n Judaskus. Hy wil niks met jou te doen hê nie. Hy kyk na jou trouverloofring en Hy vind die tablet is weg, Hy vind dat liefde weg is. Dis 'n vorm, Hy vind getrouheid is weg. Jy het gehoereer met die wêreld. Jy gaan na danse en boegie-woegie partytjies toe, en kyk na ou vuil televisieprogramme. Jy pleeg owerspel met Christus, teenoor Hom, en noem Hom jou Man.

80 Die Bybel het gesê: "Jy sê: 'Ek is ryk, ek het niks nodig nie.'" Maar Hy het gesê: "Jy weet nie dat jy nakend, ellendig, blind, arm is, en dit nie weet nie." Dis tyd dat ons 'n kers aansteek en die huis uitvee. Die Koms van die Here is op hande.

Kom ons dink 'n bietjie daaroor net vir 'n paar minute terwyl ons ons hoofde buig. Sal julle? Sal jy na die klavier toe gaan, suster?

81 Wat het julle gedoen, kerk? Wat is julle toestande vanaand? Wanneer julle hand opgesteek is in julle toewyding, is daar iets

wat julle tereggewys het? As julle flankeer met die wêreld, as julle dinge doen wat verkeerd is, julle soen . . .

82 Dink daaraan, man. Meneer, ek wil vir jou iets vra. En hierdie gaan na Mejuffrou, ook, en Mev. Jong Dame, wat sou jy dink van jou kêrel, as jy geweet het jy het hom buite sien soen en aangaan met ander meisies, en jy was verloof aan hom, en hy het soontoe gekom en jou hand gedruk, en gesê: "Skat, ek het net vir jou lief"?

Jy sou sê: "Jou klein skynheilige, kom onder my oë uit!"

83 Wat sou jy . . . ? Dink daaraan, Meneer. Ons is nie net verloof nie, maar ons is getroud. Die Kerk is getroud met Christus. Ons is die Vrou van Christus, wat kinders voortbring. Hoe sou jy daarvan hou om in die aand huis toe te kom, vir jou toewyding met jou vrou, en sy het 'n klomp kindertjies, en jy vind daardie dag . . . ? En wanneer sy inkom, o, haar naels mag geverf wees (dit is, as jy in die wêreld is). Jy mag . . . Sy mag baie mooi lyk, maar jy weet. Dink daaraan, broer, as daardie vrou ander mans gesoen het. As daardie arms wat om jou is, vir jou sê sy het jou lief, en jy weet dat dit is 'n . . . dat sy ander ook liefgehad het, haar liefde nie getrou is nie. Haar liefde nie getrou is nie. Dit behoort nie aan jou nie, dit behoort aan ander ook. As jy enigsins 'n man is, sal jy haar van jou skoot afgooi. Dink aan watter gevoel dit sou wees. Dink daaraan, dame, as jou man huis toe kom. Nie net dit nie, maar siektes dra van onsedelike dade.

84 En, o, seën jou hart, die kerk is opgevreet van geestelike veneriese siekte, van allerhande ismes en al die res. Dis verkeerd! God, wees genadig! Jesus kom, vriende. Julle gaan een van hierdie aande, of een van hierdie dae nie meer tyd hê nie. Julle beter nou nagaan.

Kom ons bid:

85 Hoeveel van julle sê: "Broer Branham," met julle hoofde gebuig, julle hande opgelig: "onthou my in jou gebed, Broer Branham. Ek kom vanaand, ek het nie net hiernatoe gekom om gesien te word nie"? God seën julle. Kyk net na die hande. "Ek het nie hiernatoe gekom om gesien te word nie, ek het iets kom uitvind. En ek glo God het met my hart gepraat terwyl jy gepreek het, en ek besef dat ek verkeerd is. Ek—ek wil 'n regte, egte Christen wees. Ek wil 'n egte minnaar wees, dat wanneer ek na my Here toe gaan en op my knieë kniel, wil ek hê Hy moet my omhels in Sy arms, sê: 'O, My minnaar!'"

86 Onthou julle Salomo, hoe hy daarvan gepraat het? Hy het gesê: "Kom, my geliefde, kom ons loop deur die granate, kom ons loop deur die tuin van speserye." Hoe hy gesê het haar lippe lyk soos roosknoppe, ensovoorts. Hoe hy sy vroutjie liefgehad het, gesê het: "Kom, laat ons gaan en ons aan liefde verlustig."

87 Wanneer jy kniel by jou altaar om te bid, is jou hart so getrou en jou siel so onbesoedel dat jy sê: "Here God, laat ons ons liefde

neem," en jy sê: "Ja, my Minnaar, ek het U lief"? Of, het jy gehoereer? Het jy met die wêreld geflankeer?

88 En die uur van die Here is op hande, wanneer al hierdie tekens en wonders, met tiene van duisende van ander dinge wat plaasvind, wys, elke merker wys. Dit word donker. Daar's 'n afkoeling in die kerk. Die herlewing is skynbaar verby. Die laaste deeltjie is omtrent voltooi. En hier bevind ons onsself in owerspel. Wat sal Hy doen? Hy sal ons van Sy skoot afgooi, en sê: "Gaan weg van My, julle werkers van ongeregtigheid."

89 Nou, as daar iemand hier is wat weer onthou wil word, mag ek hierdie vir 'n oomblik vra, steek julle hande op na God, sê: "Ek gee nou oor en sê, dat ek van vanaand af, deur God se genade, 'n getroue lewe sal lei met God se hulp." God seën jou. God seën jou. En jou broer, jou suster, jy jong dame, jy meneer, jou broer, jy hier oorkant, hieronder, en jy jong man.

90 Is daar 'n persoon hier wat nog nooit gered is nie, en sê: "Broer Branham, onthou my, ek was nooit wedergebore nie. Ek weet ek was nie"? Luister, jy is nie gered totdat jy wedergebore is nie, jy het net jou gesig na Iets toe gedraai; maar wanneer jy Christus aanvaar, is jy wedergebore. Jy sê: "Broer Branham, ek het Dit nog nooit aanvaar nie. Ek weet ek's verkeerd. Ek steek nou my hande op, en sê: 'Onthou jy my, ook.' Ek is nog nooit gered nie. Ek het nog nooit—nooit eers probeer om Christus te dien nie, maar ek wil dit probeer. Bid vir my, Broer Branham." Sal jy jou hand opsteek, iemand hierbinne nou? Is daar een persoon hierbinne wat nog nooit 'n Christen was nie, wat jou hand sal wil opsteek, sê: "Onthou my, broer"? God seën jou, seun. Iemand anders sê: "Onthou my, broer, in gebed"? God seën jou, dame. Iemand anders: "Onthou my, broer, ek wil nou glo in die Here Jesus en Hom aanvaar as my Verlosser"? God seën jou, broer. Dis goed.

91 Iemand het my nou die dag gekritiseer, gesê: "Broer Branham, hoekom sê jy: 'Steek jou hand op'?" Luister, daar is niemand wat meer in 'n altaar-oproep glo as ek nie. Ek glo daarin om na die altaar toe te kom, dis goed, maar dit red jou nie. Dis jou opinie, jou besluit vir Christus. Jy sê: "Wel, as ek na die altaar toe geloop het." Dis goed. Maar, broers, besef jy dat toe jy jou hand opgesteek het, jy elke wetenskaplike wet gebreek het wat daar is? Jou hand behoort, van nature, deur swaartekrag, af te hang. As jy jou hand opsteek, wys dit daar's 'n Bonatuurlike wese in jou wat in staat is om die wette van die natuur te oorkom, om jou hand op te steek na jou Skepper, Iets in jou hart het 'n besluit gemaak. God sien jou jou hande opsteek net soos wat Hy jou by die altaar sien. Dis presies reg. As jy dit bedoel, bedoel God dit ook. Maar kyk, vriend, jy kan nie halfpad wees nie, jy moet dit bedoel.

Nou kom ons bid:

92 Geseënde Hemelse Vader, vanaand aan die begin van hierdie herlewing, soos ons tyd nou verbygegaan het, en 'n bietjie oor,

bid ek dat U hierdie mense genadig sal wees. En gee, Almagtige God, dat . . . Vanaand het hier ten minste twintig hande opgegaan in die gebou, dat hulle Christus nodig het. O God, dis hulle siele. Die Gees, die Olie, is net omtrent uitgebrand. Daar sal nie meer baie wees nie. Wanneer die laaste druppel uit die emmer, of die houer is, sal daar nie meer Olie in lampe gesit word nie. Hulle besef dat hulle in die laaste dag is. Daar is nie 'n hoop vir ons op aarde buiten Christus nie. Ek bid vanaand, Here, dat op 'n manier, in die erns van hierdie oomblik, die erns, dat U nou die Heilige Gees sal stuur wat hulle hulle hande laat opsteek het, en hulle sal red van 'n lewe van sonde. Skenk dit, Vader.

93 En mag, voor hierdie diens sal eindig, mag daar letterlik dosyne van hulle, baie sal uitroep met die Heilige Gees. Mag hierdie, doopbad, net een na die ander wees wat gedoop word in die kosbare Naam van ons Here Jesus Christus, op Paasoggend, opstaan in die nuutheid van die lewe. O Ewige Geseënde Vader, ek bid dat U hulle sal seën. Skenk dit, Here. En nou, reg op hierdie einste oomblik, mag hulle besluit opreg wees, mag hulle U aanvaar net waar hulle sit. Ons altare en rondom is gevul met mense, en ons bid dat U hierdie mense vanaand U diensknegte sal laat word. In Christus' Naam.

94 Terwyl ons ons hoofde gebuig het, wil ek vir julle een ernstige vraag vra. Julle wat julle hande opgesteek het en julle wat gebid het, ek weet jy het nie net jou hand opgesteek om jou hand te sien opgaan nie. Jy het dit opgesteek omdat Iets jou gesê het om dit te doen. En jy sê, met 'n opgeligte hand: "Broer Branham, ek glo, voor God en hierdie gehoor, glo ek dat iets in my hart gebeur het vanaand, dat ek van hierdie aand af, 'n ander persoon gaan wees." Sal jy jou hand opsteek, jy wat wel jou hand opgesteek het, sê: "Ek glo"? God seën jou, dame. God seën jou, jou, jou, jou. Dis wonderlik. Ver agter aan die agterkant, ja, die Here seën jou.

95 Iemand anders steek jou hand op, sê: "Ek glo net nou"? God seën jou, broer. "Die Here sê vir my vanaand . . . " God seën jou, dame daaragter. God seën jou, jong dame hier oorkant. "Die Here sê vir my net nou dat iets in my hart gebeur het, en ek glo ek gaan meer vreugde uit hierdie herlewing kry as wat ek ooit in my lewe gehad het." God seën jou. Goed, God seën jou, dame wat hier sit. Ek het gedink dit was net omtrent vir jou ook tyd om jou hand op te steek. Is daar nog een, wat sê: "Ek voel wel anders, Broer Branham, ek glo ek gaan uit hierdie kerk uit vanaand met die besef van die spoedige naderkoms van Christus. Ek gaan hier uit om 'n ander lewe te lei. Ek gaan 'n Christen wees, deur die genade van God. Ek glo dat God my geroep het"?

96 En as Hy jou geroep het, is jy Syne. Hou op flankeer, hou op flankeer met die wêreld! Komaan, lewe nou vir Hom. Sê: "Ek sal al my sonde bely, en ek neem nou Christus as my Verlosser." Sal daar nog een wees voor afsluiting? Is daar? God seën jou, broer.

God seën jou. Dis goed. God seën jou. Dis goed. So bly om jou dit te sien doen. Goed.

97 Begin van 'n aand nou, dis 'n bietjie . . . ons wil nie net te veel druk daarop plaas nie, ons wil julle vroeg uitlaat sodat julle môre-aand kan terugkom.

98 Net voor ons afsluit, is daar 'n siek persoon wat jou hand wil opsteek, sê: "Bid vir my, Broer Branham"? Goed, daar is vyf, ses, sewe, agt, nege, tien hande, elf, twaalf, goed, nou dertien, veertien, goed, vyftien.

Kom ons buig nou:

99 Geseënde Hemelse Vader, U het daardie hande gesien. En, o, hulle is hier vir 'n doel. Miskien is hulle Christene, maar hulle het U groot hulp nodig. En ons besef, Here, dat U uitgeroep het deur Dawid, gesê het: "Vergeet nie al Sy seëninge, Wat ons al ons ongeregtighede vergewe, Wat al ons krankhede genees," nie. Ek bid dat die Bloed van Christus kosbaar op hulle sal rus en dat hulle genees sal word, om hierdie komende diens te geniet. Skenk dit, Here. Deur Christus' Naam vra ons dit. Amen.

Kom ons staan nou, *Neem Die Naam Van Jesus Met Jou:*

O, Naam van Jesus met jou,
Kind . . . (Kom ons draai om, skud hande met iemand langs jou. Draai om, skud hande.)
Dit bring troos en vreugde vir jou,
Neem dit nou orals met jou mee.

Dierb're Naam (dierb're Naam), O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're Naam (dierb're Naam), O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd.

Laat ons nou saggies, terwyl ons hierdie kant toe kyk, saggies sing:

Voor die Naam van Jesus buig ek,
Aan Sy voete val ek neer,
Koning van konings sal ons Hom kroon,
O, as ons reis voltooi is hier.

Dierb're Naam, (seën Dit), O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd;
Dierb're Naam (dierb're Naam), O hoe soet!
Aardse hoop en Hemelvreugd.

100 Nou is dit net 'n bietjie oor nege, omtrent sewe of agt minute oor nege. Vroeg, julle kan huis toe gaan, môre-aand terugkom en ons sal die seëninge van God geniet, julle teenwoordigheid geniet. En nou het ek omtrent twaalf, veertien hande opgelet vir genesing vanaand. As daar 'n klomp siek mense inkom, sal ons net 'n aand aankondig vir 'n genesingsdiens, miskien Saterdagaand en Sondag ook. As ons sien ons kan hulle nie almal

Sondag neem nie, sal ons ’n Saterdagaand neem. Ons sal sien hoe dit uitkom.

101 Nou bid ek—ek dat God se seëninge diep op elkeen van julle sal rus, en mag Hy met julle wees en julle seën tot ons weer môreaand kan vergader.

102 Laat ons nou net ons hoofde buig in ’n oomblik van gebed, terwyl ek die pastoor vra om hier op te kom en te verdaag in ’n woord van gebed.

Die Tweede Koms Van Die Here AFR57-0417
(The Second Coming Of The Lord)
Paas Herlewing Reeks

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Woensdagaand, 17 April 1957, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2019 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org